andere te kon help en nie totaal afhanklik van andere sou wees nie.

Wat meer is, die Lutherbybel praat ook herhaaldelik van 'n "scheffel", te wete 'n maat, 'n skepel, 'n mud koring of 'n vat. So het my nooitvergete vader die ou familienaam die eer aangedoen om 'n werklike Scheffler te word. Die oudste bekende vermelding van die naam kom voor in 1204 toe ene Liupoldus Schefwürcher naby Passau geleef het, terwyl Ulrich Scheffler in 1306 in Augsburg woonagtig was. In 1489 woon ene Nicolaus Scheffler in Poesnach volgens die sogenaamde Matriekel[1] van die Universiteit Leipzig, 111, p 751.

Verder weet ons dat die Schefflers oorspronklik afkomstig was uit Oostenryk, ten minste ons eie voorsate. Hulle was Protestante wat op bevel van die beherende aartsbiskop die land moes verlaat, maar wat 'n tuiste gevind het in die verre en destyds ylbewoonde noorde, te wete Oos-Pruise. Daar is hulle verwelkom en tuisgemaak deur koning Frederik die Grote, bekend as "der alte Fritze". Daar kon ekself nog van hulle nasate in 1936 raakloop toe ek op besoek aan familiebetrekkings in Oos-Pruise was na afloop van 'n studiekursus in Londen. So kon ek Papa se ou tuiste opsoek. Selfs die ou laerskool waar my vader destyds skoolgegaan het, is aan my in die dorpie Rosenberg uitgewys. Ten spyte daarvan dat die hele gebied nou deel van Rusland geword het, kon 'n kleinneef, naamlik my jongste broer Ewald se seun, Eben-Hans, gewapen met 'n foto van die skool, die ou Rosenberg opsoek, nou met 'n Russiese naam. Maar die skooltjie staan nog steeds daar! Dus, nie net die nageslag van die Hugenote in Suid-Afrika kan hulle beroem op hulle Protestantse erfenis nie, maar ook daardie moedige skare wat met oskarre die lang tog onderneem het om 'n nuwe tuiste te vind.

Maar wat nog merkwaardiger is, is dat ons familielede aan moederskant, te wete die Zippliesgesin, direkte verbintenis met die Hugenote het, deurdat die naam 'n verwronge vorm is van "Hugenote". Dit is aan my mondeling meegedeel deur daardie Zippliesfamilielede met wie ons nog steeds in verbinding is. Tot dusver die verre verlede. Ek wil egter nog net dit byvoeg, naamlik

[1] Argief.

dat my grootmoeder aan Schefflerkant 'n diepgelowige was wat 'n groot invloed uitgeoefen het op haar seun, my vader.

My ouers: Fritz en Lydia

Nou iets oor my eie ouers, Friedrich en Lydia Scheffler, en hoe die Here hulle gelei het om vanuit Oos-Pruise hier na die verre Suidland te kom en hulle hier te vestig. Beide is, soos reeds genoem, gebore en getoë in die koue, verre noorde, in Oos-Pruise, die provinsie van Pruise waarvandaan die meeste van die beroemde generaals van die Duitse leër kom. In die graafskap van so 'n Duitse baron is my vader gebore en het hy onder meer geleer om 'n ervare ruiter te word, iets wat hom in sy latere loopbaan goed te pas gekom het.

Soos al die ander in sy tuisdorp was ook sy vader 'n landbouer en het hy van kleins af geleer wat handearbeid en bewerking van die grond beteken. Daarin was hy besonder goed onderrig. Wat daar gereeld gedoen moes word, het hy later voortgesit toe hy ook op Haarlem in die Langkloof vleilande moes omskep in vrugbare landbougrond.

Van sy jeug het hy ons nie veel vertel nie. Tewens, dwarsdeur sy lewe het ons weinig gehoor van sy doen en late, behalwe van die goue jare soos hy dit beleef het toe hy vir 'n kort termyn sendeling was in die huidige Zimbabwe, op die sendingstasie Gutu. Maar daaroor later meer.

As kind was hy bedrewe in skaats op die bevrore mere van Oos-Pruise, in visvang in die somer en as ruiter op die stoetperde van die graafskap. Hy het 'n onderwyser gehad wat die leerlinge nie net in die drie r'e[2] onderrig het nie, maar wat ook 'n kenner was van al die landbouaktiwiteite en wat sy leerlinge onderrig het in die kuns van bome ent, en wat nog alles. Hulle het daar in die volkskool meer kennis opgedoen as wat die gemiddelde dorpskind by ons sou leer. Daardie kennis was dan ook nie net boekkennis nie, en hy kon dit in sy latere lewe goed toepas. Maar dit was as enigste seun met twee susters veral sy moeder wat die diepste vormende invloed op sy lewe uitgeoefen het. Soos so baie van haar

[2] Dit verwys na "reading, 'riting, 'rithmetic".